



Hoe om Voortrekkers in te lig oor sosiale media, vriendskappe en groepsdruk

Bladsy 1 van 4

Graad 4 tot 12

Hou 'n kwartaalafsluiting of spanbyeenkoms met pannekoeke as tema. Gesels oor sosiale media en die invloed daarvan op verhoudings en vriendskap.

Onderwerpe: Kommunikasie, Sosiale media, Vriendskappe, Groepsdruk, Speletjies



Inligting

1. Inligting oor sosiale media, vriendskappe en groepsdruk

Sosiale media

Wilhelm Jordaan skryf in 'n artikel in Beeld:

“So word jy algaande 'n deurlugte aanlyner, maar op die keper [noukeurig] beskou 'n vereensaamde pannekoekmens – plat en dun gesprei in die internetruimte se wesenlik leë gedagtegange.”

Die internet word die plaasvervanger van egte vriendskappe. Mense sal eerder met ander deur sosiale media kommunikeer as om bymekaar te kom en te kuier. Sosiale media mag die hoeveelheid kommunikasie verhoog, maar die kwaliteit daarvan word ingeboet. Mense kommunikeer oppervlakkig. Hulle gebruik verkorte sinne, wat nie ruimte laat vir dieper betekenisvolle kommunikasie nie.

Goeie gewoontes by die gebruik van sosiale media:

- Dink mooi voor jy iemand as “vriend” aanvaar.
- Moenie enige beledigende inhoud oor jou vriende, jou skool of onderwysers bekend maak nie.
- Dink mooi wat jy oor jouself plaas. Baie werkgewers kyk na aansoekers se profiele op die internet om meer van hulle te wete te kom.
- Beperk die hoeveelheid tyd wat jy op sosiale netwerke spandeer. Verslaafdheid aan die internet is deesdae 'n groot probleem. Mense is permanent op hulle selfone besig om boodskappe te stuur of te antwoord of op Facebook te kyk wie iets geplaas het.
- Moenie iemand wat jy deur die internet ontmoet het, alleen by 'n koffiewinkel ontmoet nie. Mense is nie altyd wie en wat hulle voorgee om te wees nie.
- Inligting wat jy op die internet geplaas het, is vir altyd daar. Jy kan dit afhaal, maar ander het dit dalk klaar ontvang en kan dit teen jou gebruik.



Lewenskuns



Die
Voortrekkers

voortrekkers.co.za



Inligting

Groepsdruk

Groepsdruk is die manipulasie deur ander mense, veral jou maats, om jou iets te laat doen wat jy self nie noodwendig wil doen nie. Soms is die groepsdruk baie subtiel sodat jy nie eers werklik daarvan bewus is nie! Groepsdruk kan sowel negatief as positief wees. Goeie maats is dié wat 'n positiewe invloed op jou gedrag het.

Dit gaan dikwels by groepsdruk daaroor dat ons moet bepaal wat reg of verkeerd is. As jy self weet wat reg of verkeerd is, sal dit makliker wees om standpunt in te neem. Mense gee toe onder groepsdruk omdat almal 'n behoefte aan liefde en aanvaarding het. Selfvertroue en vertroue in jou Skepper kan jou help met besluite. As jy toegee, word aanvaarding van die groep gesoek.

Wenke om groepsdruk te weerstaan:

- Werk aan jou selfbeeld.
- Bly ingeskakel op God se goflengte.
- Wees altyd eerlik met jouself en ander.
- Leef volgens die Bybelse riglyne.
- Besluit vooraf hoe jy in sekere situasies gaan optree.
- Bly weg van negatiewe groepsdruksituasies.
- Besprekingsvrae
- Waarom gee kinders aan groepsdruk toe?
- Daar is 'n spreekwoord wat sê: "Meng jou met die semels, dan vreet die varke jou op." Wat beteken die spreekwoord?
- Kies 'n vriend of vriendin. Watter eienskappe in hom/haar bewonder jy?

2. Benodighede vir die speletjies met pannekoeke

- Pannekoekdeeg
- Klaar gemaakte pannekoeke
- 'n Lap pannekoek
- Spane, gasstofies en panne
- Kaneelsuiker of ander vulsels



Maak die pannekoekdeeg vooraf aan. Die maklikste is om van die pakkies pannekoekmengsel in die winkel te koop. Daar is ook baie beproefde pannekoekresepte.

Bak vooraf 'n aantal pannekoeke, maar los genoeg deeg oor vir die speletjies. Afhangend van die hoeveelheid kinders moet daar ten minste drie pannekoeke vir elke kind wees.

Sny 'n ronde sirkel, so groot soos 'n pan, uit die lap uit. Doop die sirkel in die deeg. Bak die lap pannekoek.



Speletjies

3. Speletjies met pannekoeke

Speletjie 1: Pannekoektennis

Maak 'n tennisnet deur 'n tou tussen twee bome (of stoele) te span. Twee spelers speel dan tennis, elk met 'n pan as raket. Die bal is die lap pannekoek. Die pannekoek word heen en weer oor die net gegooi en die opponent moet die pannekoek met die pan vang.

Speletjie 2:

Kyk watter spanlid kan die pannekoek die hoogste gooi en weer met die pan vang. Die persoon wat die hoogste gooi en vang is die wenner. Die skeidsregter moet maar sy/haar eie oordeel gebruik om die wenner uit te kies!

Speletjie 3:

Eet pannekoek met hande agter die rug. Elke persoon het 'n pannekoek op sy/haar bord. Die pannekoek moet dan geëet word met die hande agter die rug. Die persoon wat die pannekoek eerste klaar geëet het, is die wenner.

Speletjie 4:

Kyk hoeveel pannekoeke 'n persoon binne 'n bepaalde tyd kan eet. Daar moet genoeg pannekoek wees om hierdie speletjie te speel. Plaas 'n aantal pannekoeke in elk van die deelnemers se borde. Slegs een pannekoek mag op 'n keer geëet word.



Wenke

1. Vra ouers om te help om vooraf pannekoeke te bak.

Waarskuwings

1. Wees versigtig as die pannekoeke in die lug gegooi word!

